

## Sondag 26 Junie

**Skrifgedeelte: Romeine 4:13-25; HK Sondag 17, Antwoord 45**

**Fokusgedeelte: Romeine 4:25**

### **Christus se opstanding en ons regverdigmaking**

God is na sy wese 'n regverdige God (Deut. 32:4; Ps. 7:12; Jer. 23:6). Daarom kan Hy geen ongeregtigheid duld nie (Jes. 1:13; Miga 6:8). As die mens dus gered wil word, moet hy as 'n volkome regverdige voor God verskyn. Omdat die mens egter tot in sy diepste wese 'n sondaar is, kan hy uit sy eie nooit daartoe kom nie. Toe het Christus in ons plek gaan staan en al ons sonde en ongeregtigheid op Hom geneem. Onder die las van ons sondes en die toorn van God daaroor, het Hy aan die kruis gesterf.

Ná sy dood kon die vraag ontstaan of Hy werklik vir al ons sondes betaal het. Het Hy deur sy lyding en sterwe van my, skuldige sondaar wat ek is, 'n regverdige voor God gemaak? Op hierdie vrae antwoord sy opstanding uit die dood baie duidelik: JA. Dit is wat Paulus ook bedoel as hy sê dat Christus “opgewek is ter wille van ons regverdigmaking” (Rom. 4:25). Hy het vir al ons sondes met hulle gevolge ten volle betaal. Daarom is die opwekking van Christus God se goedkeuring van die werk van die Middelaar. Dit is God se *amen* op die totale verlossing wat Christus bewerk het. Trouens, Christus sou nie uit die dood kon opstaan as Hy nie die volle skuld betaal en die volle straf op die sonde gedra het nie. Daarom sê die opstanding van Christus uit die dood aan die gelowige dat hy nou nie meer as 'n skuldige voor die toornige God staan nie, maar as geregverdigde, as 'n vrygespreekte voor die vriendelike God (Jak, 2:23) omdat ons vrede het met Hom deur Jesus Christus (Rom. 5:1). Die gebruik van die woord “regverdigmaking” (vryspraak) in Romeine 4:25 beteken dat die opwekking van Christus uit die dood ook gesien moet word as 'n regterlike daad van die Vader waardeur Hy verklaar dat ons verhouding tot Hom volkome herstel is deur die soenverdienste van Christus.

Christus het egter nie net ons regverdigheid of vryspraak voor God verwerf nie. Ons het so diep in sonde geval dat dit selfs nie genoeg was dat Christus die geregtigheid voor God deur sy lyding en sterwe vir ons verwerf het nie. Nadat Hy dit vir ons verwerf het, moes Hy dit ook tot ons eiendom maak, anders het dit vir ons niks beteken nie. Ook om dié rede moes Christus uit die dood opstaan sodat Hy ons deur sy Heilige Gees kan laat deel in die vryspraak wat Hy deur sy kruislyding en dood vir ons verwerf het. Dit is wat die Kategismus sterk beklemtoon. Dit is wat Paulus ook verder bedoel as hy sê dat Christus uit die dood opgewek is “ter wille van ons regverdigma-king” (Rom. 4:25).